**Dinsdag 10 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30; HK Sondag 12, Vraag 31**
**Fokusgedeelte: Matteus 11:28, 29**

## Christus as Profeet

Christus sê dat ons aan die ewige lewe deel het as ons sy Vader ken en Hom, Christus, ken (Joh. 17:3). Om hierdie kennis te kan verkry, het ons egter die regte onderwyser nodig. Hierdie onderwyser is Jesus Christus Self. Hy is ’n volmaakte Onderwyser en daarom die beste Onderwyser wat daar ooit was of is of sal wees. Hy maak aan ons, volgens ons belydenis, die raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend. Omdat die sonde ons verstand verduister het, het ons so ’n besondere Onderwyser nodig om die regte kennis van God te kan verkry. Reeds in die Ou Testament het ons met die onderrig van Christus te doen by monde van die profete en digters.

In die Nuwe Testament tref ons Christus Self as die groot Onderwyser aan. Hoe ’n wonderlike Onderwyser was Hy nie! Indrukwekkend en aangrypend was sy onderrig. Tog was dit so eenvoudig dat almal dit kon verstaan. Verruk oor sy onderrig, het dié wat na Hom geluister het, gesê: “*Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie*” (Joh. 7:46). Elke uitspraak van Hom het die mense aangegryp. Niemand kon tydens sy onderrig dieselfde bly nie.

Wat het Christus dan die mens kom leer? Ons belydenis sê dat Hy die verborge raad en wil van God aangeaande ons verlossing aan ons bekend gemaak het. Uit sy onderrig is dit vir die mens duidelik dat daar net een weg tot verlossing is, en dit is deur Hom, Jesus Christus, Self. Hy is dus Self die inhoud van sy profetiese onderrig. Hy sê dit trouens Self: “*Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*” (Joh. 14:6). Daarom roep Christus ook almal om in die geloof na Hom toe te kom as Hy sê: “*Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My ...*” (Matt. 11:28, 29).

In sy onderrig het Christus dit baie duidelik gestel dat daar net twee bestemmings vir die mens is: ’n ewige vreugde of ’n ewige smart, en alle mense moet by een van die twee bestemmings uitkom (Matt. 7:13, 14). Die ewige vreugde kan net bereik word deur die geloof in Christus (Joh. 3:36).

Uit dit alles kan ons nou ook sien watter roeping hier op ons gelê word: *ons moet ons deur Christus as Onderwyser laat leer*. Hy sê dit immers Self: “*Neem my juk op julle en leer van My ...*” Daarom moet ons die Woord van God lees en bestudeer en na die prediking daarvan luister, want daardeur leer Hy ons en leer ons van Hom. So sal ons die regte kennis kry wat tot saligheid lei.